



ELKEEN SAAM OP GOD SE PAD!

1 Timoteus 2:1: Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense

2 Korintiërs 1:11: Daartoe werk julle mee deur vir ons te bid. So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring, en dan sal baie Hom vir ons dank.

Waarvoor bid ons as Wapadrant?

HERLEWING: Om die volheid van God in ons lewe te beleef

VERVULLING: Om getrou die opdrag om dissipels te maak uit te leef

Kom ons bid hierdie maand as individue, gesinne, kleingroepe, gebedsgroepe en gemeente vir:

1. Ons eredienste:

Here, gebruik ons eredienste om U te eer en ons te bou. Seën ons voorgangers – predikante, musikante, ouderlinge. Seën almal wat ons eredienste moontlik maak – die klank, die beeld, die beligting, die skoonmaak, die koffie. Ons bid ook vir die voorbereiding en aanloop van ons beplande Engelse erediens wat 22 Julie begin. Help my om in ons eredienste u te ontmoet, my boeties en sussies te ontmoet en om uit te reik na mense wat ek nie ken nie.

2. Ons bedieninge: JEUG

Ons bid vir ons JEUGBEDIENING, Here. Ons bid vir Herman Kloppers en elke kleingroepleier vir wysheid en krag om ons kinders en jong mense te leer om U te leer ken en lief te hê. O Heilige Gees, dring ons kinders en die jeug van Suid-Afrika om U gehoorsaam te volg.

3. Ons uitreik:

a. VER: DS SLOET GROVÉ IN FICKBURG:

Ons dra ds. Sloet Grove en sy gesin aan U op, o Here. Ons dank U vir die wonderlike daade en uitkoms wat ons van hoor en wat soveel mense in die bedieningsveld ervaar. Ons bid dat U Sloet se arbeid en roeping steeds sal sterk en dat dit sal dien as 'n kragtige getuie van U voorsiening en genade.

b. NABY: SUNRISE NASKOOL

Ons bid vir ons Sunrise Naskool, vir Daleen en haar span, dat U hulle die krag, wysheid en uithou vermoë sal gee. Ons bid vir die kinders in die naskool. Laat hulle, Here, U ontmoet en vrede kry in hulleself.

Bid asb. saam met my vir _____

_____ (Skryf asb. jou besonderhede agterop)

4. Ons leiers: OUDERLINGE

Here, ons bid vir elke ouderling en in besonder vir dié wat deel is van die fokusgroep wat gestalte gee aan ons gemeente-tema van die jaar nl. onderlinge liefde en verhoudinge.

5. Mense in nood:

Verwys na GPS en voeg by wie jy ken.

6. Mense met vreugdes:

Verwys na GPS en voeg by wie jy ken.

7. Ons fokusjaar – WEES LIEF VIR MEKAAR:

Here, help ons werklik vir mekaar lief te wees.

8. Ons belangrike gebeure hierdie maand:

22/07: Nagmaal

23 en 30/07: W.A.T.

29/07: W-Nuut

9. Groei en transformasie: (Bekering)

a. Persoonlik:

Here, help MY om te groei. Here, help my om te bekeer, veral in terme van

b. Gemeente:

Here, help ons gemeente om minder na binne gefokus te wees, om minder net oor onself en ons eie voorkeure bekommerd te wees. Fokus ons na buite, na die wêreld in nood

10. Mense in my kleingroep (of wat ek ken)

Vir meer geleentheid om saam met ander te bid of dat ander saam met jou bid:

1. Ons gebedsgroep kom elke Sondag van 9:45 tot 10:25 bymekaar in die gebedskamer
2. Stuur 'n e-pos aan: bidsaammetmy@gkwapadrant.co.za
3. Besoek ons webwerf by www.wapadrant.co.za

Naam: _____ E-pos: _____

Selfoon: _____